

AANSPRAKE VAN DIE UYS-KOMMANDO OP GROND IN ZOEOLOELAND

Dr. W. van der Merwe
Universiteit van Zoeloeland

Na die Anglo-Zoeloeoorlog van 1879 het Blanke plakkars, handelaars en sendeling wat hulle reeds vroeër in Zoeloeland gevestig het, onsuksesvolle pogings aangewend om hulle aansprake op grond erken te kry. Daar was egter ook verdere volgehoue pogings deur ander groepe en individue om grond in Zoeloeland te bekom. Klaarblyklik is Zoeloeland na die oorlog as verowerde gebied beskou wat maar aan Blankes uitgedeel kon word. Bowendien het lord Chelmsford en Evelyn Wood, die gesagvoerders tydens die oorlog, beloftes van grond aan vrywilligers gemaak wat hulle by die Britse leër sou aansluit.

Onder hierdie groep verdien die Uys-kommando spesiale vermelding. In teenstelling met die gevoel van afsydigheid en byna leedvermaak wat die Transvaalse Boere teenoor die Britse oorlogspoging in Zoeloeland geopenbaar het, het 'n groepie Boere onder Piet Uys hulp aan die Engelse verleen. Terwyl aanvaar kan word dat Piet Uys, seun van die Voortrekkerleier wat by Italeni gesneuwel het, om sentimentele redes deelgeneem het, moes sy volgelinge ander dryfvere gehad het. Hulle het dan ook later volgehou dat Evelyn Wood hulle plase in Zoeloeland as vergoeding beloof het.¹ Hierdie feit is bevestig deur William Craig wat as tolk tussen Wood en die Boere opgetree het.² Hulle het dan ook 'n petisie aan die minister van kolonies gerig, maar hy het ontken dat hulle nige regmatige eise op grond had. Op 12 Februarie 1886 het die Spesiale Kommissaris vir Zoeloeland hulle dienooreenkomsdig verwittig, en die flou verskoning van die minister van kolonies oorgedra dat "Sir Evelyn Wood states that for some weeks in 1880 and for some months in 1881, he was within an easy ride of where you and the majority of the petitioners reside, and that is, therefore, greatly to be regretted that neither you nor the other petitioners ever spoke to him at that time on the subject."³

Terwyl die Britse regering die aansprake van Uys se volgelinge ontken het, het sowel Wood as Chelmsford erken dat hulle wel 'n verpligting teenoor Uys, wat gedurende die oorlog by Hlobane gesneuwel het, se familie had. Op 13 April 1879 het Wood Piet Uys baie hoog aangeprys en aanbeveel dat 'n plaas van ongeveer 2 000 morg in Zoeloeland aan elk van sy nege familielede gegee word.⁴ Hierin het hy die steun van Chelmsford en Hoë Kommissaris Frere gehad.⁵ Die gevolg was dat sir

1. Lande Natal 6685, pp. 1 - 4: Beëdigde verklaring P.L. Uys, Vryheid, 16.7.1920.
2. Lande Natal 6685, p. 5: Beëdigde verklaring William Craig van plaas Vaalkrantz, Vryheid, 16.7.1920.
- N.P.P. Documents presented 1898: Document 89 of 1889; N.L.A. Votes and Proceedings, vol. 55, 1898, p. 58: Spesiale Kommissaris vir Zoeloeland - P.L. Uys, 12.2.1886.
4. C 2454, p. 109: Wood - Chelmsford, Kombula Hill, 13.4.1879.
5. C 2454, p. 108: Frere - Hicks Beach, Kaapstad, 21.6.1879.

Michael Hicks Beach, die minister van kolonies, by Wolseley aanbeveel het dat Wood se voorstel uitgevoer behoort te word omdat "It appears from Sir Evelyn Wood's report to Lord Chelmsford of the 13th March that the night before the engagement of the 28th (waarin Uys gesneuwel het) that officer in the name of the Imperial Government told Mr. Uys that he would watch over the interests of his children if he (Mr. Uys) fell ..." ⁶ Hy het voorts aanbeveel dat 'n grondskenking, wat in ooreenstemming sou wees met die algemene beginsels van die vredesvoorwaardes met die Zoeloës, aan die Uys-familie gegee word.

Sowel Wood as Hicks Beach het dus plase in Zoeloeland in gedagte gehad. Wolseley was egter in 'n moeilike posisie aangesien hy hom reeds op 1 September 1879 (waarskynlik voordat hy Hicks Beach se brief van 7 Augustus 1879 ontvang het) voor die hoofmanne by Ulundi gekompromitteer het om te verhoed dat Blankes hulle in Zoeloeland vestig.⁷ Die gevolg was dat Wolseley nie die versoek wou toestaan nie.

Die saak is hierna weer verskeie kere deur die Boere opgeneem, selfs tot 1920 toe hulle beëdigde verklarings deur hul prokureurs aan die Minister van Lande gerig het. In sy beëdigde verklaring meld P.L. Uys, seun van Piet Uys wat by Hlobane gesneuwel het, dat nie een van die dertig vrywilligers van sy vader se korps plase ontvang het nie. Hy bevestig egter dat Wood wel aan die nege kinders van sy vader 36 000 acres belofte het, waarvan hulle slegs 12 000 acres ontvang het. Hierdie skenking was egter slegs vir die kinders bedoel en het niets met die lede van die korps te doen gehad nie, wat elk afsonderlik kompensasie moes ontvang het volgens belofte.⁸

Nadat die Sekretaris van Lande die saak ondersoek het, het hy op 14 Januarie 1921 'n voorlegging aan die minister gemaak waaruit die volgende gegewens aan die lig kom: Wood het wel aanbeveel dat 18 000 morg (ongeveer 36 000 acres) in Zoeloeland aan die Uys-kinders geskenk word, maar aangesien die grond nie in daardie stadium in Zoeloeland beskikbaar was nie, het Wolseley in 1880 die Transvaalse regering (wat ook 'n Britse kolonie was) opdrag gegee om plase aan die Uyse in die Wakkerstroomse distrik te gee. Dit is inderdaad gedoen, en hulle het drie plase van 6 000, 4 400 en 6 000 acres ontvang. P.L. Uys het egter reeds op 20 Mei 1880 daarop gewys dat die totale oppervlakte van die plase slegs 3 500 morg was (ongeveer 8 000 acres). Instruksies is daarop vir 'n ondersoek gegee, maar niets het daarvan tereg gekom nie, omdat die Eerste Vryheidsoorlog kort daarna uitgebreek het. Uys het weer 'n peticie in 1898 ingedien, waarvan ook niets gekom het nie.

Die Sekretaris van Lande, John Somerville, het toe aanbeveel dat nie gehoor aan die versoek gegee moes word nie, maar dat die Uyse aangeraai moes word om op die gewone manier vir plase in die nuut oopgestelde gebied by Hluhluwe in Zoeloeland aansoek te doen. Hiermee het minister Deneys Reitz saamgestem met die opmerking: "This seems to be the age of resurrected claims! We certainly cannot grant mr. Uys's application"⁹

Dit blyk dus dat Evelyn Wood wel beloftes van plase in Zoeloeland aan Piet Uys se kommando gemaak het, veral in die lig van die feit dat Chelmsford en Wood ook

6. C 2454 p. 148: Hicks Beach - Wolseley, 7.8.1879.

7. C 2482, pp. 259 - 260; G.H. 1562 nr. 350 - 08: Wolseley - Hicks Beach, 3.9.1879.

8. Lande Natal 6685, pp. 1-4: Beëdigde verklaring P.L. Uys, Vryheid 16.7.1920.

9. Lande Natal 6685; pp. 14 - 15: Voorlegging Sekretaris van Lande aan Minister, 14.1.1921.

aan Natalse vrywilligers soortgelyke beloftes gemaak het. Dit is ook moeilik om te glo dat, terwyl ander Boere volkome afsydig teenoor die oorlog gestaan het, die Uys-kommando sonder enige beloftes of aanduidings van kompensasie daaraan sou deelneem.

Hierdie beloftes is nooit nagekom nie, waarskynlik hoofsaaklik weens die teenkanting van Wolseley wat hom gekompromitteer het om geen grondvervreemding in Zoeloeland toe te laat nie. Selfs 'n plegtige belofte aan P.L. Uys aan die vooraand van sy dood is slegs gedeeltelik uitgevoer, nadat die sekretaris van kolonies dit aanbeveel het.

Hierdie saak is ook nie deur die Unieregering reggestel nie, selfs in 'n stadium toe daar voldoende grond in Zoeloeland beskikbaar geword het. Immers was dit die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 wat Zoeloeland vir Blankes toeganklik gemaak het, en gevoleglik sou daar verwag kon word dat konsiderasie aan deelnemers van lg. oorlog gegee moes word.